*Maandag* **19 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 8:4-15 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Matteus 8:5-13**

## Glo en jy sal gered word

Ons gaan vandag en môre stilstaan by dieselfde verse uit Mattteus 8. Matteus 8:4 en 8:14-15 omarm as't ware dit wat in 8:5-13 beskryf word. In die middelste gedeelte word vertel van Jesus se optrede teenoor 'n nie-Jood, en die omarmende gedeelte (vs 4 en 14-15) vertel van Jesus se bediening aan Jode.

Ons lees in Handelinge 13:46die volgende: Paulus en Barnabas het reguit vir hulle (Jode in sinagoge in Pisidië) gesê: "Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie ..." Dit is in lyn met Jesus wat sy Groot Opdrag gee in Matteus 28:19 en bevestig in Handelinge 1:8: "… julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Jesus se tuisdorp was Kapernaum (Matt. 4:13). 'n Groep Romeinse soldate was hier gestasioneer. Toe Jesus inkom in sy tuisdorp, vra 'n leier van hierdie heidense soldate Jesus se hulp – sy slaaf is sterwend. Ons lees niks oor hoekom hierdie Romein Jesus sou vertrou nie, maar dit is duidelik dat hy Jesus se Goddelike gesag en mag in sy optrede kon raaksien. Daarom sê hy dat Jesus nie eers na sy huis toe hoef te kom nie, Hy hoef net die woord te spreek ... En dan word hierdie ongelooflike getuienis deur Jesus oor hierdie Romein vir ewig in die Skrif opgeneem: "Ek het nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekom nie."

So word hierdie insident, wat Jesus se empatie én ware gesag toon, 'n profetiese vooruitwysing na die tyd toe die evangelie ook aan nie-Jode gebring is. En per implikasie – ook aan ons, wat nie Jode is nie. Wat meer is: die Romein se uitspraak praat van die feit dat elkeen wat glo, gered sal word. En dít is tog die evangelie wat wêreldwyd moet weerklink: Glo, en jy sal gered word (Rom. 1:17, Mark. 16:16; Hand. 15:11). Ons dank die Here vir sy genade – wat ook na ons toe oorgespoel het!

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*